

Vrydag 25 Februarie

Skrifgedeelte: Handeling 4:1-22

Fokusgedeelte: Handeling 4:19

Gehoorsaamheid aan mense of gehoorsaamheid aan God?

Johannes en Petrus het ná Christus se hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees die evangelie van Christus verkondig en wonders gedoen. Die mense het na hulle gestroom om te luister wat hulle verkondig. Die gevolg was dat hulle deur die tempelwagte gevange geneem is, omdat die Jode nie gehou het van wat hulle verkondig nie. Verder word daar ook aan hulle die opdrag gegee om nie in die Naam van Jesus te spreek of te leer nie.

Die apostels staan nou voor 'n keuse. Hulle moet óf gehoorsaam wees aan die Here deur uit te gaan en dissipels te maak, óf stilbly soos die mense hulle beveel het. Ons hoor dan van die moedige besluit van die gevangenes om voort te gaan met die verkondiging van die evangelie. Hulle stel dan ook hulle keuse voor die Jode dat hulle self moet oordeel wat swaarder weeg waar daar 'n botsing van pligte is: gehoorsaamheid aan mense of gehoorsaamheid aan God?

Hulle kon eenvoudig wegstap deur te jok en steeds te verkondig sodra hulle by die deur uit is, maar hulle is nie net getrou aan God nie, hulle getuig ook openlik in daardie situasie oor die waarheid en wat God vereis. In werklikheid sê hulle dat hulle vasbeslote is om aan te hou preek, omdat die opdrag van God kom. Niks kan meer absurd wees as om 'n feilbare mens te gehoorsaam nie. Iemand wat maar net 'n mede-skepsel is, teenoor God wat oneindig wys en heilig is. Hy is die soewereine Regter teenoor Wie ons almal aanspreeklik is. Die saak is so eenvoudig, so onbetwisbaar en vanselfsprekend.

Dieselfde geld ook vir ons. Daar kan geleentheid wees waar ons gekonfronteer word met 'n keuse oor gehoorsaamheid aan gesag wat in stryd is met dit wat God van ons vra. Die antwoord is voor die handliggend. Ons moet altyd aan God gehoorsaam wees. Gebruik ook daardie geleentheid om te getuig.

Sing: Psalm 40-1:4

Ds. CB Robinson (Brahm) (Cachet)